Die gemiddelde vlak van die verbruikerspryse was in die eerste tien maande van 1979 13,0 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1978. Op 'n kwartaalike basis het die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks in die eerste drie kwartale van 1979 agtereenvolgens teen jaarkoerse van 10,7 persent, 11,6 persent en 24,4 persent gestyg. Die opmerklike versnelling in die derde kwartaal was die gevolg van gelyktydige verhogings van verskeie geadmistrateerde sowel as nie-beheerde pryse. Skerp verhogings van geadmistrateerde pryse is in die geval van petroleumprodukte, openbare vervoer, steenkool, mielies, suiwelprodukte en margarien aangebring. Daarbenewens het aansienlike stygings in die pryse van vleis, groente, tabak, skoëisel, droogskoonmaak- en haarkappersdienste, asook in woonstelhuur en bediendelone, voorgekom. Van Oktober 1978 tot Oktober 1979 het die verbruikerspryse met 14,3 persent gestyg.

Die groothandelspryse was in die eerste nege maande van 1979 gemiddeld 13,0 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1978. Die toename in die seisoensaangesuiwerde groothandelsprysindeks het versnel van 'n jaarkoers van 12,9 persent in

### Arbeid



## Persentasieverandering in verbruikerspryse



die eerste kwartaal van 1979 tot 15,6 persent en 22,4 persent in die tweede en derde kwartale onderskeidelik. Hierdie versnelling het in die pryse van binnelandsegeproduseerde sowel as ingevoerde goedere voorgekom. Skerp stygings is in die pryse van landbouprodukte, verwerkte voedsel, skoeisel, petroleumprodukte, basiese metale en metaalprodukte, en masjinerie aangeteken. Van September 1978 tot September 1979 het die groothandelspryse met 15,8 persent gestyg.

## Betalingsbalans

### Aansienlike verdere oorskot op lopende rekening



'n Aansienlike verdere oorskot van ongeveer R1 030 miljoen is in die derde kwartaal op die lopende rekening van die betalingsbalans aangeteken. Hierdie syfer het die oorskot in die eerste nege maande van 1979 op ongeveer R2 600 miljoen te staan gebring. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die oorskot op die lopende rekening in die derde kwartaal R3 530 miljoen beloop, vergeleke met R2 260 miljoen en R3 520 miljoen in die tweede en eerste kwartale, onderskeidelik. Die oorskot in die derde kwartaal is teweeggebring deur opmerklieke toenames in die goedere-uitvoer en die netto goudproduksie, wat slegs gedeeltelik deur skerp stygings in die goedere-invoer en in netto dienste- en oordragbetalings aan buitelanders geneutraliseer is.

Die goedere-uitvoer, ná uitskakeling van die seisoensinvloed en gereken teen 'n jaarkoers, het toegeneem van R7 770 miljoen in die tweede kwartaal tot R9 480 miljoen in die derde kwartaal. Hierdie toename het volume- sowel as prysstygings weerspieël. Toenames het hoofsaaklik in die uitvoer van metale en minerale, veral diamante, uraan, platina, ystererts en steenkool, voorgekom. Die uitvoer van landbouprodukte het gedurende hierdie tydperk egter effens gedaal.

Die waarde van die netto goudproduksie het gestyg van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R4 910 miljoen in die tweede kwartaal tot R6 120 miljoen in die derde kwartaal. Hierdie toename het voorgekom in weerwil van 'n effense afname in volume en was geheel en al te danke aan 'n styging in die goudprys. Die gemiddelde goudprys op die Londense mark het van \$258,69 per fyn ons in die tweede kwartaal tot \$316,83 per fyn ons in die derde kwartaal of met 22,5 persent gestyg. Nadat 'n rekord vasstellingsprys van \$437,00 per fyn ons op 2 Oktober behaal is, het groot skommelings in die goudprys gedurende die oorblywende deel van die maand voorgekom. 'n Gemiddelde vasstellingsprys van \$391,31 per fyn ons is in Oktober aangeteken.


Die goedere-invoer, na uitskakeling van die seisoensinvloed en gereken teen 'n jaarkoers, het toegeneem van R8 590 miljoen in die tweede kwartaal tot R9 830 miljoen in die derde kwartaal hoofsaaklik as gevolg van 'n skerp styging in pryse. Die volume van invoere het op ongeveer dieselfde vlak as in die vorige kwartaal gebly. Toenames in die invoer het veral voorgekom in die geval van mineraalprodukte (insluitende petroleumprodukte), chemiese produkte en plastiese materiale. Die opmerklieke styging in die invoerpryse gedurende die derde kwartaal het meegebring dat die ruilvoet vir die tweede opeenvolgende kwartaal verswak het ondanks 'n aansienlike verdere styging in die prys van goud sowel as in die pryse van uitvoerkommoditeite.

### Lopende rekening van die betalingsbalans



Die netto dienste- en oordragbetalings aan die res van die wêreld, wat gedurende die afgelope vier jaar 'n skerp stygende neiging getoon het, het gedurende die eerste helfte van 1979 geneig om af te plat. In die derde kwartaal het hierdie betalings egter weer vinnig

### Ruilvoet



gestyg vanweë verhoogde betalings vir vrag en versekering op goedere, toeristebesteding, betalings vir ander vervoerdienste en dividendbetalings op buitelandse beleggings in Suid-Afrika. In vergelyking met R1 830 miljoen in die tweede kwartaal het die netto dienste- en oordragbetalings aan buitelanders in die derde kwartaal R2 240 miljoen bedra.

### Volgehoue groot netto uitvloeiing van kapitaal

'n Aansienlike netto uitvloeiing van kapitaal van R872 miljoen het gedurende die derde kwartaal voorgekom, waardeur die totale netto uitvloeiing gedurende die eerste nege maande van 1979 op R2 299 miljoen te staan gekom het. Soos in die bygaande tabel getoon word, het die grootste deel van die netto uitvloeiing uit korttermynkapitaal bestaan.

Afgesien van 'n vermindering van die laste verwant aan reserwes, dit wil sê, terugbetalings op lenings wat voorheen aangegaan is om die besit aan buitelandse valuta aan te vul, het die uitvloeiing van korttermynkapitaal verband gehou met die terugbetaling van buitelandse korttermynlenings vanweë die skerp


**Netto kapitaalbewegings**  
R miljoene

	1979			
	1e kw.	2e kw.	3e kw.	Eerste nege maande
<b>Langtermynkapitaal</b>				
Sentrale regering en banksektor . . . . .	-86	23	-19	-82
Openbare korporasies en plaaslike owerhede ..	15	—	-44	-29
Netto aankope van effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word . . . . .	-27	-61	-36	-124
Ander private sektor . . . . .	-35	22	-50	-63
<b>Totaal . . . . .</b>	<b>-133</b>	<b>-16</b>	<b>-149</b>	<b>-298</b>
<b>Korttermynkapitaal</b>				
Laste verwant aan reserwes . . . . .	-101	-34	-103	-238
Ander, insluitende onaangetekende transaksies <sup>1</sup>	-579	-564	-620	-1 763
<b>Totaal . . . . .</b>	<b>-680</b>	<b>-598</b>	<b>-723</b>	<b>-2 001</b>
<b>Totale netto kapitaalbewegings . . . . .</b>	<b>-813</b>	<b>-614</b>	<b>-872</b>	<b>-2 299</b>

1. D.w.s. foute en weglatings op die lopende sowel as die kapitaalrekening.

stying in die rentekoerse oorsee, en meer in die algemeen vanweë die vergroting van die marge tussen die effektiewe koste van handelsfinansiering in VSA-dollars en in rand. Hierdie marge het byvoorbeeld van 0,8 persent aan die einde van Januarie 1979

**Effektiewe koste van handelsfinansiering**




tot 2,1 persent aan die einde van Junie en tot 8,1 persent op 31 Oktober toegeneem.

Die netto uitvloeiing van langtermynkapitaal gedurende die derde kwartaal het grotendeels uit terugbetalings op buitelandse lenings deur die sentrale regering en banksektor, openbare korporasies en die private sektor bestaan. Buitelanders was netto verkopers van effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word, maar die kontrapos van sodanige effekte-verkope, wat die skepping van finansiële rand tot gevolg het, word in die syfers as 'n invloed van kapitaal na die private sektor ingesluit.

**Toename in goud- en ander buitelandse reserwes**

Betalingsbalanstransaksies het meegebring dat die bruto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die derde kwartaal met R162 miljoen gestyg het.

**Goud- en ander buitelandse reserwes**



Indien waardasie-aansuiwerings ook in aanmerking geneem word, het die bruto reserwes met R843 miljoen gestyg en aan die einde van September 'n vlak van R3 650 miljoen bereik. Gedurende Oktober het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank met 'n verdere R116 miljoen toegeneem en aan die einde van die maand R3 527 miljoen bedra. Die laasgenoemde toename was geheel en al toe te skryf aan 'n styging in die goudreserwes voortspuitende uit die terugkoop van 'n gedeelte van die goud wat die Bank vantevore aan buitelandse instansies onder die goudruilooreenkomste verkoop het.

Die netto goud- en ander buitelandse reserwes, dit wil sê die bruto reserwes min veranderings in die laste verwant aan reserwes en waardasie-aansuiwerings, het gedurende die derde kwartaal met R265 miljoen toegeneem. Gedurende die eerste nege maande van 1979 het die netto reserwes met R541 miljoen gestyg.

#### Appresiasie van die rand

Op die buitelandse valutamark het die rand gedurende die derde kwartaal met 2,4 persent teenoor die VSA-dollar geappresieer, naamlik van \$1,1800 per rand aan die einde van Junie tot \$1,2088 per rand aan die einde van September. Die geweegde gemiddelde wisselkoers van die rand teenoor alle geldeenhede het met 1,0 persent geappresieer, wat die netto resultaat was van 'n appresiasie teenoor die VSA-dollar, die Britse pond en die Japanese jen en 'n depresiasie teenoor die meeste Wes-Europese geldeenhede. Gedurende die eerste deel van Oktober het die rand voortgegaan om teenoor die VSA-dollar te appresieer, maar daarna tot \$1,2060 per rand aan die einde van die maand afgeneem. Die geweegde gemiddelde wisselkoers van die rand het gedurende Oktober met 2,3 persent gestyg. Vanaf die instelling van die nuwe wisselkoersstelsel aan die einde van Januarie 1979 tot aan die einde van Oktober het die rand met 4,9 persent teenoor die VSA-dollar geappresieer, terwyl die geweegde gemiddelde wisselkoers van die rand met 5,1 persent geappresieer het.

## Monetêre en banktoestand

### Hoër koers van toename in geld en kwasi-geld

Die seisoensaangesuiwerde geld- en kwasi-geldvoorraad, wat gedurende die tweede kwartaal van 1979 teen 'n jaarkoers van ongeveer 2 persent gedaal het, het gedurende die derde kwartaal skerp toegeneem met R747 miljoen of teen 'n jaarkoers van 30 persent. Gedurende die eerste nege maande van 1979 het die jaarkoers van toename ongeveer 9 persent beloop, vergeleke met 'n styging van 12 persent gedurende 1978 in sy geheel. Die eng gedefinieerde geldvoorraad, ná uitskakeling van die seisoensinvloed, het gedurende die derde kwartaal teen 'n jaarkoers van 10 persent gestyg nadat dit gedurende die tweede kwartaal teen 'n jaarkoers van 1 persent gedaal het. Die jaarkoers van toename van hierdie monetêre totaal het gedurende die eerste nege maande van 1979 12 persent en gedurende die twaalf maande tot September 1979 18 persent bedra, in vergelyking met 10 persent gedurende die 1978 kalenderjaar.


Die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor, wat gedurende die tweede kwartaal effens afgeneem het met R28 miljoen, het gedurende die derde kwartaal skerp met R279 miljoen gestyg, grotendeels vanweë 'n styging in die bruto reserwes. Gedurende Oktober het die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank 'n matige verdere styging van R77 miljoen getoon, uitgesonderd die uitwerking van die maandelikse herwaardasie van die Bank se goudvoorraad. 'n Klein afname van R69 miljoen in die monetêre banksektor se netto eise teen die regeringsektor gedurende die tweede kwartaal is deur 'n opmerklieke toename van R284 miljoen gedurende die derde kwartaal gevolg, wat hoofsaaklik 'n daling in die regeringsdeposito's weerspieël het. Die eise teen die private sektor het gedurende die derde kwartaal voortgegaan om te styg maar teen 'n heelwat laer koers as gedurende die tweede kwartaal. Die lang-

### Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

R miljoene



	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie			Seisoensinvloed uitgeskakel		
	1979			1979		
	1e kw.	2e kw.	3e kw.	1e kw.	2e kw.	3e kw.
Netto goud- en ander buitelandse reserwes	291	-28	265	295	-28	279
Eise teen regeringsektor:						
Bruto eise	-425	100	-71			
Regeringsdeposito's (toename -, afname +)	-226	289	113			
Netto eise	-651	389	42	-413	-69	284
Eise teen die private sektor	220	515	376	274	515	258
Langtermyndeposito's (toename -, afname +)	-339	-292	-14	-429	-157	-55
Netto ander bates	226	-353	-3			
<b>Totale oorsake van veranderings</b>	<b>-253</b>	<b>231</b>	<b>666</b>	<b>25</b>	<b>-68</b>	<b>747</b>

## Veranderings in geld en kwasi-geld



## Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

Veranderings in:



Seisoensinvloed uitgeskakel

1976 1977 1978 1979

termyndeposito's van die private sektor by die monetêre bankinstellings, wat gedurende die tweede kwartaal slegs matig met R157 miljoen gestyg het, het gedurende die derde kwartaal 'n selfs nog kleiner styging van R55 miljoen aangeteken. Die laer koers van toename in hierdie deposito's gedurende die tweede en derde kwartale was 'n weerspieëling van 'n duidelike verandering in beleggersentiment.

## Laer koers van toename in bankkrediet aan die private sektor

Die seisoensaangesuiwerde eise van die monetêre banke teen die private sektor het gedurende die derde kwartaal teen 'n jaarkoers van 9 persent gestyg, wat op 'n heelwat hoër koers van toename van 20 persent gedurende die tweede kwartaal gevolg het. Die jaarkoers van toename gedurende die eerste nege maande van 1979 het 13 persent beloop, wat dieselfde toenamekoers was as in 1978.


Die styging van R376 miljoen gedurende die derde kwartaal in die bankkrediet wat aan die private sektor verleen is, voor uitskakeling van die seisoensinvloed, was gedeeltelik aan 'n groot styging van R111 miljoen in die kaskredietvoorskotte van die Landbank toe te skryf. Die netto nuwe beleggings in effekte van die private sektor het R69 miljoen bedra, wat op 'n vinnige styging van R96 miljoen gedurende die voorafgaande kwartaal gevolg het. Die diskonteringe, lenings en voorskotte van die handels-, aksep- en monetêre algemene banke, wat gedurende die tweede kwartaal met R243 miljoen toegeneem het, het gedurende die derde kwartaal matig met R86 miljoen gestyg. Laasgenoemde syfer het bestaan uit 'n toename van R72 miljoen in verdiskonteerde wissels, 'n sterk styging van R115 miljoen in huurkoopkrediet en bruikhuurfinansiering, en 'n daling van R101 miljoen in ander lenings en voorskotte.

Die onbenutte fasiliteite onder die plafonne op die banke se diskonteringe, lenings en voorskotte aan die private sektor het gedurende die derde kwartaal baie skerp met R348 miljoen gestyg, hoofsaaklik as gevolg van die verhoging, met ingang vanaf 31 Augustus 1979, van die gemagtigde plafonne met 'n bedrag gelyk aan 4 persent van die betrokke basissyfers soos op 31 Desember 1975. Nieteenstaande 'n ooreenkomstige verhoging van die gemagtigde beleggingsplafonne, het die onbenutte fasiliteite onder hierdie plafonne gedurende die derde kwartaal in werklikheid met R15 miljoen gedaal.

## Hoë vlak van oorskotlikwiteit

Die likwiteit van alle groepe bankinstellings, wat gedurende die tydperk Maart tot Julie op 'n hoë vlak gestaan het, het gedurende Augustus effens verminder. Die belangrikste rede vir hierdie effense daling was 'n toename van R140 miljoen in die banke se vereiste minimum besit aan likwiede bates. Gedurende September het die banke se oorskotlikwiteit egter weer eens aansienlik toegeneem. Die oorskotlikwiteitsverhouding van alle monetêre bank-

### Werklike, vereiste en oorskot likwiede bates van bankinstellings



instellings het van 4,7 persent aan die einde van Julie tot 3,8 persent aan die einde van Augustus gedaal voordat dit tot 4,8 persent aan die einde van September gestyg het. Die ooreenstemmende verhoudings ten opsigte van die nie-monetêre banke (met uitsondering van twee banke wat besig is om hul bedrywig-hede af te wikkel) het op hierdie drie maandeindes onderskeidelik 4,7, 3,6 en 4,6 persent bedra.

Gedurende die derde kwartaal het die totale bedrag aan oorskot likwiede bates met R300 miljoen toegeneem. Dit is hoofsaaklik meegebring deur 'n toename van R491 miljoen in die werklike besit aan likwiede bates, wat gedeeltelik geneutraliseer is deur 'n styging in die vereiste likwiede bates. Die groot styging in die werklike besit aan likwiede bates is grootliks meegebring deur 'n toename van R304 miljoen in die buitelandse sektor se bydrae tot die banke se likwiediteitsbasis.

### Geldmark

Die toestand op die geldmark, wat gedurende Julie en Augustus baie ruim was, het op die laaste dag van Augustus vernou, in die loop van September verruim, maar oor die maandeinde van September weer ietwat

vernou. Gedurende Oktober en die eerste helfte van November was die mark egter weer baie ruim, afgesien van 'n tydelike vernouing oor die maandeinde van Oktober. Die vernouing oor die maandeinde van Augustus kon hoofsaaklik aan 'n groot seisoens-toename in die regeringsdeposito's en 'n daling in die bruto eise teen die regeringsektor toegeskryf word, wat gedeeltelik deur stygende netto buitelandse reserwes van die Reserwebank geneutraliseer is. Die vernouing van die mark oor die maandeinde van September was die resultaat van 'n verdere styging in die note in omloop wat slegs gedeeltelik deur 'n skerp styging in die netto buitelandse reserwes van die Reserwebank geneutraliseer is. 'n Skerp styging in die regeringsdeposito's was hoofsaaklik verantwoordelik vir die knap toestand in die mark oor die maandeinde van Oktober.

Die daggeldlenings aan die diskontohuise het op 30 Augustus nie minder nie as R1 033 miljoen beloop en gedurende September, Oktober en die eerste helfte van November op 'n betreklik hoë vlak gebly; op 15 Oktober het hulle 'n nuwe rekordsyfer van R1 069 miljoen bereik. Die akkommodasie aan die diskontohuise, wat vanaf die begin van Julie tot 30 Augustus op nul gestaan het, het op 31 Augustus R121 miljoen beloop. Nadat dit in die loop van September geleidelik na laer vlakke teruggekeer het, het die akkommodasie oor die maandeinde van September weer toegeneem. Teen 6 Oktober was alle wissels wat deur die Reserwebank herdiskonteer is, egter weer deur die diskontohuise teruggekoop. Oor die maandeinde is daar weer akkommodasie verleen, wat op 31 Oktober R282 miljoen bedra het.


Die vrye saldo's van die monetêre banke by die Nasionale Finansiële korporasie, wat gedurende Augustus op 'n betreklik hoë vlak gestaan het, was gedurende die grootste deel van September bykans uitgeput. Hierdie saldo's het in die loop van Oktober weer aansienlike vlakke bereik maar het gedurende die laaste paar dae van die maand en vroeg in November tot onbeduidende bedrae afgeneem.

Die rentekoerse op die geldmark het ná die einde van Augustus voortgegaan om te daal en die daling het in die besonder gedurende die eerste deel van Oktober meer opmerklik geword maar stadiger gedurende die res van die maand en die eerste helfte van November. Die koers op bankakseptes van drie maande het van 4,90 persent op 31 Augustus tot 4,80 persent op 28 September, 4,40 persent op 12 Oktober en 4,10 persent op 16 November gedaal. Die koers op verhandelbare depositosertifikate van drie maande het 'n soortgelyke verloop getoon. Die skatkiswisseltenderkoers het van 4,45 persent op 31 Augustus tot 4,38 persent op 28 September, 3,93 persent op 12 Oktober en 3,81 persent op 16 November gedaal.

Die Reserwebank was vanaf die begin van Augustus 'n aktiewe verkoper in die ope mark ten einde 'n ordelike daling van die rentekoerse te verseker. Opemarkverkope deur die Bank van R126 miljoen

## Staatsfinansies

### Geldmarkrentekoerse



### Hoër koers van toename in skatkisontvangste

Die skatkisontvangste was gedurende die eerste ses maande van die fiskale jaar 1979/80, dit wil sê die tydperk April tot September 1979, 23 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande fiskale jaar. Hierdie toename was opmerklik hoër as die syfer van 4 persent wat in die Begroting vir die fiskale jaar as geheel in die vooruitsig gestel is. Die hoofredes vir die aansienlike styging in ontvangste was 'n opmerklike toename in die ontvangste vanaf goudmynmaatskappye as gevolg van die skerp styging in die prys van goud, die feit dat 'n belangrike deel van die belastingtoegewings waarvoor in die jongste Begroting voorsiening gemaak is, eers in Julie 1979 in werking getree het, en die versteuring van die vergelyking van ontvangste in 1979/80 met dié in die voorafgaande fiskale jaar wat meegebring is deur die feit dat die algemene verkoopbelasting gedurende die eerste drie maande van die fiskale jaar 1978/79 nog nie bestaan het nie.

Terwyl die Begroting vir 1979/80 voorsiening gemaak het vir 'n werklike afname van R7 miljoen in ontvangste in die vorm van inkomstebelasting- en mynhuurbetalings deur goudmynmaatskappye, het die werklike ontvangste gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar dié gedurende die eerste helfte van die voorafgaande fiskale jaar reeds met R222 miljoen oorskry. Die afwyking van ander inkomstebelastingontvangste van die Begrotingsramings sal waarskynlik in die tweede helfte van die fiskale jaar kleiner word aangesien die invorderings van persoonlike inkomstebelasting dan die laer belastingkoerse ten volle sal weerspieël.

Soos in die bygaande tabel getoon word, het die invorderings van indirekte belasting gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar redelik goed ooreengestem met die Begrotingsramings vir die fiskale jaar as geheel. Die grootste afwyking het in die geval van

gedurende Augustus is deur verkope van R303 miljoen gedurende September en van nie minder nie as R555 miljoen gedurende Oktober en die eerste drie weke van November gevolg. Laasgenoemde syfer sluit in spesiale skatkiswissels-op-aanvraag van R300 miljoen wat se looptyd aan die einde van Februarie 1980 verstryk ten einde die seisoensvloei van belastinggeld na die regering te neutraliseer. Boonop is die bedrag aan skatkiswissels wat op die weeklikse tender aangebied word, vanaf 2 November tydelik verhoog van R50 miljoen tot R100 miljoen.

### Staatsinkomstefonds<sup>1</sup> – hoofkomponente van inkomste

Seisoensaangesuiwerde syfers teen 'n jaarkoers  
R miljoene

	1978		1979/80		1979		
	April–Junie	Julie–Sept.	April–Sept.	Begroting	April–Junie	Julie–Sept.	April–Sept.
Doeanereg	347	382	365	446	415	442	429
Bobelasting op invoere	341	344	343	236	230	237	234
Aksynsreg	924	890	907	1 023	1 019	822	921
Algemene verkoopbelasting	—	806	806	1 175	1 154	1 299	1 227
Inkomstebelasting- en huurbetalings deur goudmyne	599	814	706	855	990	1 242	1 116
Ander inkomstebelastingbetalings	3 942	3 599	3 770	3 795	4 968	3 762	4 365

<sup>1</sup> Met inbegrip van bedrae wat aan aangrensende gebiede betaal is kragtens Doane-Unie-ooreenkomste

## Skatkisrekening



aksynsreg voorgekom aangesien 'n deel van die reg op petroleumprodukte nie na die Skatkisrekening gekanaliseer is nie, maar vir die stabilisering van brandstofpryse aangewend is.

### Skatkisuitreikings oorskry Begrotingsramings

Die skatkisuitreikings, in die vorm van fondse wat vir goedgekeurde uitgawes aan staatsdepartemente beskikbaar gestel is, was in die eerste helfte van die fiskale jaar 1979/80 17 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1978/79. Hierdie styging was opmerklik hoër as die geraamde toename van 12 persent in die uitgawes van die sentrale regering gedurende die fiskale jaar as geheel.

### Kleiner skatkistekort

Die tekort op die Skatkisrekening, uitgesonderd lenings en skuldaflossing, het gedurende die eerste helfte van 1979/80 R844 miljoen beloop, of R245 miljoen minder as die tekort in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar. In teenstelling met die eerste helfte van 1978/79, waartydens die Tesourie sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor en die buitelandse sektor verminder het, is 27 persent van die skatkistekort in die eerste ses maande van 1979/80 deur middel van netto buitelandse lenings en 'n toename in die netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor gefinansier. 'n Aansienlik kleiner bedrag is van binnelandse nie-bankbronne geleen, wat in 'n verminderde netto belegging in staatskuldbewyse deur die private nie-banksektor sowel as deur die Staatskuldkommissarisse weerspieël is.

### Bykomende maatreëls om die ekonomie te stimuleer

Met die doel om die ekonomie verder te stimuleer, het die Minister van Finansies in September verskeie maatreëls aangekondig. Hierdie maatreëls het inge-

## Skatkisrekeningfinansiering

R miljoene

	1978			1979		
	April-Junie	Julie-Sept.	April-Sept.	April-Junie	Julie-Sept.	April-Sept.
<b>Tekort</b>	<b>892</b>	<b>197</b>	<b>1 089</b>	<b>660</b>	<b>184</b>	<b>844</b>
<b>Finansiering:</b>						
<b>Binnelandse bronne</b>						
Nie-banksektore	1 014	412	1 426	461	154	616
Staatskuldkommissarisse <sup>1</sup>	417	199	615	222	-71	151
Private nie-banksektor	598	213	810	240	225	465
Monetêre banksektor	-102	-223	-326	129	-51	78
<b>Buitelandse bronne</b>	<b>-20</b>	<b>9</b>	<b>-11</b>	<b>69</b>	<b>81</b>	<b>150</b>
<b>Totaal</b>	<b>892</b>	<b>197</b>	<b>1 089</b>	<b>660</b>	<b>184</b>	<b>844</b>

1. Insluitende die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese.

sluit die vroeë terugbetaling in November van die leningsheffing van 1976/77 en opgelope rente aan persone, ten bedrae van ongeveer R154 miljoen; 'n bonusbetaling van R24,5 miljoen aan pensionarisse; 'n verhoging van R20 miljoen in voedselsubsidies en 'n verdere subsidie van R12 miljoen op buspassasiersdienste na en vanaf hervestigingsgebiede. In die lig van die aansienlike bykomende staatsinkomste in die vorm van inkomstebelasting- en mynhuurbetalings deur goudmynmaatskappye, is besluit om sekere inkomste prys te gee en om owerheidsuitgawes te verhoog. So is aksynsreg van R75 miljoen en renteontvangste van R55 miljoen van die Spoorwegadministrasie prysgegee ten einde die prys van brandstof te stabiliseer en om die subsidie op spoorwegpassasiersvervoer te verhoog. Daarbenewens word verwag dat die staatsuitgawes gedurende die fiskale jaar 1979/80 as gevolg van onvermydelike kostestygings met R120 miljoen sal toeneem.

## Kapitaalmark

### Laer opbrengskoerse en hoër omset op die mark vir vaste-rentedraende effekte

Ná 'n tydelike vernouing gedurende die tydperk Maart tot Julie 1979 het die toestand op die mark vir vaste-rentedraende effekte gedurende die daaropvolgende drie maande weer verruim. Nuwe uitgiftes is meer aktief ondersteun en langtermynopbrengskoerse het ietwat gedaal. So het die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte in die sekondêre mark, wat van 9,07 persent in Februarie 1979 tot 9,49 persent in Julie gestyg het, tot 9,15 persent in Oktober gedaal. Die langtermynopbrengskoers op die hoogste graad semi-prima-effekte in die sekondêre mark het van 9,35 persent in Februarie tot 9,89 persent in Julie gestyg voordat dit weer tot 9,52 persent in Oktober gedaal het. Gedurende dieselfde tydperke het die opbrengskoers op maatskappyskuld-briewe in die sekondêre mark van 10,75 persent tot 11,31 persent gestyg en daarna weer tot 10,92 persent gedaal.


Die bedrag aan nuwe fondse wat deur netto uitgiftes van effekte van die openbare sektor in die mark opgeneem is, het gedurende die derde kwartaal R118 miljoen beloop. Gedurende die eerste nege maande van 1979 is 'n bedrag van R354 miljoen opgeneem, vergeleke met R1 770 miljoen gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1978. Soos in die bygaande tabel getoon word, was die belangrikste rede vir die laer vlak van die openbare sektor se leenbedrywighede in die mark vir vaste-rentedraende effekte gedurende 1979 die betreklik klein bedrag aan nuwe fondse wat deur die sentrale regering opgeneem is. Hierbenewens was die leenbedrywighede van die openbare korporasies en die plaaslike owerhede gedurende die eerste nege maande van 1979 ook laer as gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1978. Die nuwe uitgiftes van langtermynleningseffekte deur maatskappye in die private sektor het gedurende die derde kwartaal R60 miljoen beloop, wat die bedrag aan fondse wat gedurende die eerste nege maande van

### Netto nuwe uitgiftes van langtermyn vaste-rentedraende effekte R miljoene

Tydperk	Sentrale regering <sup>1</sup>	Openbare korporasies <sup>1</sup>	Plaaslike owerhede <sup>1</sup>	Totaal openbare sektor <sup>1</sup>	Private sektor
1978 - 1e kwartaal	188	165	38	391	32
2e kwartaal	598	332	56	986	46
3e kwartaal	9	352	32	393	44
4e kwartaal	137	154	22	313	100
<b>Jaar</b>	<b>932</b>	<b>1 003</b>	<b>148</b>	<b>2 083</b>	<b>222</b>
1979 - 1e kwartaal	-296	152	12	-132	77
2e kwartaal	165	168	35	368	36
3e kwartaal	-102	196	24	118	60

1. Aangesuiwer vir toenames in leners se besit aan eie effekte.

### Opbrengskoerse in sekondêre mark





1979 opgeneem is op R173 miljoen te staan gebring het, vergeleke met R122 miljoen gedurende die eerste nege maande van 1978.

Die transaksies in genoteerde vaste-rentedraende effekte in die sekondêre mark het gedurende die derde kwartaal skerp toegeneem. Transaksies ten bedrae van R389 miljoen en R555 miljoen gedurende die eerste en tweede kwartale van 1979 onderskeidelik, is deur 'n omset ten bedrae van R1 057 miljoen in die derde kwartaal gevolg. Die totale omset van R2 001 miljoen gedurende die eerste nege maande was aansienlik hoër as die ooreenstemmende syfer van R424 miljoen gedurende die eerste nege maande van 1978.

### Aandelemark lewendig

Die omset en die pryse op die aandelemark het gedurende die tydperk Julie tot Oktober skerp gestyg. Die aantal aandele wat gedurende hierdie tydperk op die effektebeurs verhandel is, was gemiddeld 34 persent hoër as gedurende die tweede kwartaal. Die aandelepryse het gedurende hierdie tydperk met gemiddeld 29 persent gestyg. Lewendige toestande kon in alle afdelings van die mark waargeneem word. Finansiële aandele het die grootste prysstygings getoon, gevolg deur mynbouaandele en die gekombineerde groep nywerheids- en handelsaandele. Die omvattende aandeleprysindeks, wat alle klasse aan-

### Effektebeurs



dele insluit, het gedurende September 'n vlak bereik wat hoër was as die hoogtepunt in Mei 1969. Die omset het egter nie tot die hoogtepunt van Mei 1969 gestyg nie, waarskynlik vanweë die aansienlike toename in transaksies in vaste-rentedraende effekte. Die lewendigheid van die mark is ook weerspieël in die suksesvolle opname in September en Oktober van

R231 miljoen deur Sasol as deel van 'n ten volle geplaasde totale aandele-uitreiking van R525 miljoen. Die bedrag van R35 miljoen wat vir inskrywing deur die publiek aangebied is, het inskrywings van R1 094 miljoen getrek.

As gevolg van die vinnige styging in die aandelepryse het die dividendopbrengskoers op alle klasse aandele van 6,44 persent in Junie tot 5,75 persent in September en 4,91 persent in Oktober afgeneem. Die omgekeerde rendementsgaping tussen gewone aandele en langtermynstaatseffekte het van 2,91 persent in Junie tot 4,24 persent in Oktober vergroot.

Die effektrusters het gedurende die derde kwartaal 'n klein verdere netto uitvloeiing van fondse in die vorm van netto terugkope van onderaandele ondervind. As gevolg van die stygende aandelepryse het die markwaarde van die trusts se netto bates gedurende die derde kwartaal met R67 miljoen toegeneem tot 'n vlak van R501 miljoen aan die einde van September. Die gemiddelde verkoopprijs van onderaandele het gedurende hierdie tydperk met 13 persent gestyg.

#### Kleiner invloeiing van langertermynfondse na depositonemende en verwante spaarinstellings

Die vloei van langertermynfondse na depositonemende en verwante spaarinstellings het gedurende die derde kwartaal beduidend afgeneem. Soos in die bygaande tabel getoon word, was hierdie verandering veral opmerklik in die geval van die bankinstellings maar kon dit ook in die geval van die bouverenigings waargeneem word.

#### Vloei van langertermynfondse na finansiële instellings

Seisoensaangesuiwerde gegewens  
R miljoene

	1979		
	1e kw.	2e kw.	3e kw.
Bankinstellings	435	338	197
Bouverenigings	505	463	375
Deelnemingsverbandkemas	-11	-1	-11
Staatspaarfasiliteite	89	108	105
<b>Totaal</b>	<b>1 018</b>	<b>908</b>	<b>666</b>


#### Verdere toename in bedrywigheid in die vaste eiendoms- en verbandmarkte

Die bedrywigheid in die markte vir vaste eiendom en verbande het gedurende die derde kwartaal verder toegeneem. Die waarde van die vaste eiendoms-transaksies was 20 persent hoër as gedurende die voorafgaande kwartaal. Die waarde van transaksies gedurende die eerste nege maande van 1979 het dié van die ooreenstemmende tydperk van 1978 met 24 persent oorskry. Die bruto bedrag aan verbandlenings wat deur die bouverenigings toegestaan is, was gedurende die derde kwartaal 25 persent hoër as gedurende die tweede kwartaal en in die eerste nege

maande van 1979 was die verenigings se bruto verbandleningsvoorsiening 73 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1978.

Nieteenstaande die toename in die verbandleningsvoorsiening deur die bouverenigings, kon die vraag na verbandlenings nie die bedrag aan fondse wat vir hierdie doel beskikbaar was, absorbeer nie. Die verenigings moes derhalwe hul besit aan voorgeskrewe beleggings met 'n verdere bedrag van R113 miljoen vergroot. Aan die einde van September het die verenigings se oorskotbesit aan voorgeskrewe beleggings R832 miljoen beloop, of 9,1 persent van hulle verpligtings teenoor die publiek. Daar is egter aanduidings dat die vraag na verbandlenings sterk toeneem en dat hierdie toename nog verder sal versnel wanneer die 99-jaar huurpagskema vir behuising in swart woonbuurte ten volle in werking tree.

#### Mark vir vaste eiendom



# Opmerkings oor tabelle

## Suid-Afrika se buitelandse laste en bates – Tabelle S-66 tot S-69

Besonderhede oor Suid-Afrika se buitelandse laste en bates soos aan die einde van 1978 word saam met vergelykbare gegewens vir die voorafgaande vyf jaar in hierdie uitgawe van die **Kwartaalblad** gepubliseer. Hierdie inligting weerspieël die resultate van die tweede Sensus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates van 1973 en die jaarlikse bywerking van die gegewens deur middel van steekproefopnames.

### Buitelandse laste

Gedurende 1978 het die buitelandse laste van Suid-Afrika met R1 554 miljoen, of met 7,3 persent, tot R22 886 miljoen aan die einde van die jaar toegeneem. Hierdie koers van toename het nou ooreengestem met dié van 7,6 persent in 1977 maar was aansienlik laer as die gemiddelde jaarakoers van toename van 23,9 persent van 1973 tot 1976. Laer koerse van toename in Suid-Afrika se buitelandse laste gedurende 1977 en 1978 is in die langtermyn- sowel as die korttermynlaste weerspieël. Nadat die buitelandse langtermynlaste van 1973 tot 1976 teen 'n gemiddelde jaarakoers van 20,4 persent toegeneem het, het dit in 1977 met 8,7 persent en in 1978 met 8,2 persent toegeneem. Die daling in die koers van toename in die buitelandse korttermynlaste was selfs nog skerper, naamlik van 'n gemiddelde jaarakoers van 38,4 persent van 1973 tot 1976 tot slegs 4,2 persent in sowel 1977 as 1978.

'n Indeling van buitelandse laste volgens tipe organisasie toon dat die lae koers van toename in 1978 veral toe te skryf was aan 'n afname van 11,1 persent in die buitelandse laste van die sentrale regering en banksektor, naamlik van R4 610 miljoen aan die einde van 1977 tot R4 096 miljoen aan die einde van 1978. Afnames is aangeteken in die buitelandse langtermyn- sowel as korttermynlaste van die sentrale regering en banksektor maar veral die korttermynlaste het skerp gedaal, naamlik met nie minder nie as R432 miljoen tot R1 480 miljoen aan die einde van 1978. Die afname in die buitelandse laste van die sentrale regering en banksektor was hoofsaaklik in die vorm van 'n vermindering van leningskapitaal wat in verband gestaan het met die verbeterde betalingsbalans, die gunstige voorwaardes waarop fondse in die binnelandse kapitaalmark bekom kon word, 'n skerp toename in die lopende inkomste van die regering tesame met 'n beleid van finansiële beperking ten opsigte van die owerheidsbesteding, en rentekoerse wat in die meeste oorsese lande hoër was as in Suid-Afrika.

In teenstelling met hierdie veranderings het die buitelandse laste van die openbare korporasies en plaaslike owerhede en van die private sektor gedurende 1978 skerp gestyg. Nadat die buitelandse laste van die openbare korporasies en plaaslike owerhede in 1977 met 5,5 persent gedaal het, het dit in 1978 met 18,2 persent toegeneem, hoofsaaklik vanweë die

finansiering van enkele groot kapitaalprojekte van openbare korporasies. Die koers van toename in die buitelandse laste van die private sektor het van 9,3 persent tot 11,1 persent oor dieselfde tydperk versnel maar was laer as die gemiddelde jaarakoers van toename van 15,4 persent gedurende die tydperk 1973 tot 1976. Die grootste toename in die buitelandse laste van die private sektor gedurende 1978 het in die geval van aandeelpremie, reserwes en onverdeelde wins voorgekom, terwyl matiger toenames in aandeel- en leningskapitaal aangeteken is.

Die koers van toename in die regstreekse belegging deur buitelanders in Suid-Afrika het van 6,4 persent in 1977 tot 11,3 persent in 1978 toegeneem. Aan die ander kant het die onregstreekse belegging deur buitelanders voortgegaan om teen 'n laer koers toe te neem. Die koers van toename in die onregstreekse belegging het gedaal van nie minder nie as 48,6 persent in 1975 tot 8,4 persent in 1977 en tot slegs 4,5 persent in 1978. Gevolglik het die persentasie-aandeel van die regstreekse belegging in die totale buitelandse laste toegeneem van 40,8 persent aan die einde van 1977 tot 42,3 persent aan die einde van 1978, die eerste jaar sedert 1973 waarin 'n toename aangeteken is.

Die belegging in Suid-Afrika van al die belangrikste geografiese gebiede van die wêreld het gedurende 1978 toegeneem. Besonder groot toenames is aangeteken in die belegging van Europese lande buite die Europese Ekonomiese Gemeenskap, en van lande in Afrika en Asië. Die toename van 24,5 persent in Afrika se belegging in Suid-Afrika gedurende 1978 was hoofsaaklik in die vorm van regstreekse belegging in privaatsektor-ondernemings. Soos in die voorafgaande twee jaar, het die persentasie-aandeel van die onderskeie geografiese gebiede in die totale buitelandse belegging in Suid-Afrika nagenoeg dieselfde aan die einde van 1978 gebly. Verreweg die grootste gedeelte van die buitelandse belegging was van Europa afkomstig en het aan die einde van 1978 65,9 persent bedra, terwyl die aandeel van Noord- en Suid-Amerika 23,7 persent beloop het.

### Buitelandse bates

Suid-Afrika se buitelandse bates het gedurende 1978 met R2 415 miljoen of met 45 persent tot R7 777 miljoen aan die einde van die jaar toegeneem. Hierdie aansienlike toename is hoofsaaklik teweeggebring deur 'n verandering in die waardasie van die goudreserwes van die land. Sedert die einde van April 1978 is die goudreserwes gewaardeer teen 90 persent van die gemiddelde van die laaste tien Londense vasstellingspryse gedurende die maand. Gevolglik is die goudreserwes aan die einde van 1978 gewaardeer teen R171,58 per fyn ons, vergeleke met hul waardasie teen die statutêre prys van R29,55 per fyn ons aan die einde van die vorige jaar. Hierdie nuwe

waarderingsprosedure was grotendeels verantwoordelik vir die toename van R1 390 miljoen in die goudreserwes van die land gedurende 1978.

Die waarde van Suid-Afrika se buitelandse bates uitgesonderd goud het gedurende 1978 met 20,2 persent tot R6 098 miljoen aan die einde van die jaar gestyg. Hierdie koers van toename was baie hoër as die koers van 9,2 persent in 1977 en die gemiddelde jaarkoers van 17,5 persent van die einde van 1973 tot aan die einde van 1976. Die styging in die buitelandse belegging deur Suid-Afrikaners het hoofsaaklik voortgespruit uit 'n toename van 25,5 persent in buitelandse langtermynbates, naamlik van R3 295 miljoen aan die einde van 1977 tot R4 136 miljoen aan die einde van 1978. Suid-Afrika se buitelandse korttermynbates het oor dieselfde tydperk met 10,5 persent toegeneem.

Die vinnige styging in Suid-Afrika se buitelandse bates gedurende 1978 is hoofsaaklik weerspieël in die buitelandse bates van die private sektor wat in 1978 met 23,3 persent toegeneem het, vergeleke met 11,6 persent in 1977 en 'n gemiddelde jaarkoers van 15,1 persent gedurende die tydperk 1973 tot 1976. Sowel die buitelandse langtermyn- as korttermynbates van die private sektor het gedurende 1978 vinnig gestyg. In die besonder het die buitelandse belegging in die vorm van aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins met 26,6 persent tot R2 294 miljoen aan die einde van die jaar gestyg. Die buitelandse langtermynbates van die sentrale regering en banksektor het in 1978 ook aansienlik toegeneem, terwyl hierdie sektor se buitelandse korttermynbates effens afgeneem het.

Die toename in die private sektor se buitelandse belegging in die vorm van aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins het voorgekom in die geval van daardie ondernemings waarin Suid-Afrikaanse beleggers 'n effektiewe seggenskap oor die beleid uitoefen. Gevolglik is 'n skerp styging van 25,1 persent in 1978 in die regstreekse belegging aangeteken. Die toename in die buitelandse langtermynbates van die sentrale regering en banksektor en in die buitelandse korttermynbates van die private sektor het 'n toename van 14,6 persent in die buitelandse onregstreekse belegging meegebring. Aangesien die buitelandse regstreekse belegging teen 'n hoër koers as die onregstreekse belegging toegeneem het, het die aandeel van eersgenoemde in Suid-Afrika se buitelandse bates van 53,5 persent aan die einde van 1977 tot 55,7 persent aan die einde van 1978 toegeneem.

'n Geografiese indeling van Suid-Afrika se buitelandse bates toon 'n toename in die belegging in al die onderskeie streke. In die besonder is groot toenames van onderskeidelik 18,2, 28,7 en 49,7 persent in die Suid-Afrikaanse belegging in die Europese Ekonomiese Gemeenskaplande, Afrika en internasionale organisasies aangeteken. Die skerp toename in die buitelandse bates in internasionale organisasies, wat met 'n verhoging van die ledegelde in verband gestaan het, was hoofsaaklik verantwoordelik vir die afname

in die persentasie-aandeel van die buitelandse bates in die ander streke. As persentasie van die totale buitelandse bates met uitsondering van die goudreserwes, het die buitelandse bates van Suid-Afrika in Afrika-lande van 32,1 persent aan die einde van 1977 tot 26,9 persent aan die einde van 1978 gedaal, en dié in Noord- en Suid-Amerika gedurende dieselfde tydperk van 17,0 persent tot 14,0 persent. Kleiner afnames is ook in die persentasie-aandeel van die buitelandse bates in Europa en Asië aangeteken.